Leucas martinicensis en *Acrotome inflata*

E: Whitewort, tumble or bobbin weed

A: tol- of waaibossie

D:-

H: ewiwiri

Hierdie twee plante lyk so baie na mekaar, dat jy eintlik dink, dis een en dieselfde, maar dit is nie. Hulle is wel van dieselfde familie *Lamiaceae,* maar nie van dieselfde genus nie; die een met die groter bloeisel is *Acrotome inflata* en die een met die miniatuurblommetjie is *Leucas martinicensis.*

Laas genoemde sien ek hierdie jaar met die baie reën BAIE, nie net by ons op die plaas nie, maar in die hele omgewing. Dit staan orals op die werf, waar nie skoongeskoffel word nie, teen drade langs plaaspaaie, in kampe se hoeke op die sonkant van veral groot swarthaak (*Senegalia mellifera* voorheen *Acacia mellifera)* bome. Dit kom algemeen voor in die tropiese en subtropiese dele van die "Ou Wêreld", dus Afrika.

Leucas martinicensis is wel in Suid-Afrika as onkruid verklaar, maar as ene **van mindere belang.**

Die hoofsaaklikste gebruik is seker maar om **lastige muskiete** te verdryf. Dit gebeur deur vars plante in ‘n klipkring te smeulbrand. Die rook gee ‘n mintgeur af wat die muskiete verdryf. Interessant is, dat dit slegs in jare voorkom met goeie reënval (dan is daar ook baie muskiete).

In die hele Afrika word dit gebruik by tradisionele medisyne, want dit bevat stowwe wat inflammasies onderdruk en dit kan krampaanvalle beheer (e.g. epilepsie). Wetenskaplike studies bevestig die moontlike sukses van sulke behandelings.
Gekneusde blare kan op oop wonde en sere gesit word, veral by oog- en neusarea, maar ook op areas met rumatieke pyne of op slangbytplekke.
Dit help blykbaar ook by chroniese velsiektes (psoriasis en scabies).
As kinders rondewurm opgedoen het, kan dit met ‘n aftreksel van *Leucas l.* genees word.
Hierdie aftreksel word ook by koorserigheid en verkoues ingegee….Wie wil toets?

‘n Ander familielid van *Leucas m.* is *Leucas pechuelii.* Dit is ‘n kruidagtige struik, wat graag op versteurde areas soos rondom veeposte groei.

Die bloeisels lyk soos klein engeltjies in winterjasse.

As daar skielik sulke onkruide orals groei, skrik ons en is bang vir nog ‘n nuwe plaag. Ek dink, hieroor hoef ons ons nie te bekommer nie.

Inligtingsbronne: https://www.ijppr.humanjournals.com/wp-content/uploads/2016/07/34.Timothy-SY-Sugun-MY-Tata-FY-Milagawanda-HH-Ibrahim-AW.pdf

Probleemplante en Indringeronkruide van Suid-Afrika (Clive Bromilow)
Flowering Plants of the Central Highlands of Namibia (Coleen Mannheimer)
Peoples’ Plants (Ben-Erik van Wyk, Nigel Gericke)

Teks en fotos: Anka Eichhoff Maart 2021